



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
GRAAD 4 AFRIKAANS HUISTAAL
TOETS**

PUNTE: 50

PUNTE	
--------------	--

TYD: 1½ uur

PROVINSIE _____

DISTRIK _____

KRING _____

SKOOL _____

EMIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 4A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN	
-------------	--

DOGTER	
---------------	--

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Die toets bestaan uit 13 bladsye, die buiteblad uitgesluit.

Instruksies aan die leerder:

1. Die onderwyser sal die instruksies lees en die oefenvoorbeelde saam met jou doen.
2. Lees al die instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
4. Waar daar meervoudigekeuse vrae is, omkring slegs die letter van die korrekte antwoord.
5. Waar een woord vereis word, skryf slegs die woord in die spasio wat voorsien word neer.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Oefenvoorbeelde

1. Watter land word deur die sokkerspan Bafana Bafana verteenwoordig?

- A Australië
- B Suid-Afrika
- C Kameroen
- D Nigerië

Jy het die vraag korrek beantwoord, indien jy **(B)** omkring het.

2. Watter woord is die selfstandige naamwoord in die volgende sin? Skryf die woord op die lyntjie.

Die boek is interessant.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy “boek” op die lyntjie geskryf het.

3. Gee **twee** redes hoekom jy hierdie jaar skool gaan geniet.

Jy moes in volsinne op die lyntjies iets soortgelyk as die onderstaande geskryf het.

Ek sal hierdie jaar skool baie geniet, want my Afrikaans juffrou is baie vriendelik.

Ek sal dit ook geniet, want ek gaan weer al my vriende sien.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die onderstaande koerantberig deur en beantwoord dan vraag 1-27.

SANIBONANI NUUSBLAD

Saterdag 6 September 2014

'n Sterk en gevaarlike leeu het die draad van 'n vakansie-oord afgebreek. Hy het toegang tot die oord gekry en 'n geparkeerde huurmotor beskadig.


Jenny Adams en haar gesin van Durban het gedurende die vakansie by die Golden Wildreservaatkamp in Kaapstad gebly. Hulle was nog nooit vantevore by 'n wildsreservaat nie. Mevrou Adams het besluit om haar kinders te bederf deur hulle na die reservaat te neem. Sy wou hulle beloon vir hul goeie skoolprestasies. Hulle het ontbyt buite in die pragtige natuurskoon geëet. Haar jongste seun, Shaun, het om 07:30 vm. 'n leeu in die kamp sien rondhardloop.

"Die leeu het vreesbevange rondgehardloop en probeer om sy pad na die wildsreservaat terug te vind. Hy het verlore gelyk en hy het begin om alles wil te bestorm. Die leeu het hulle splinternuwe Mercedes-huurmotor beskadig. "Ek is nie seker of die motor weer reggemaak kan word nie. Ons het nog nooit so 'n insident beleef nie," het sy gesê.

Die gesin kon nie hulle bagasie inpak en dadelik huis toe gaan nie, want hulle het geen vervoer gehad nie. Jenny moes haar suster kontak om hulle te kom haal.

Uiteindelik om 10:00 het die veldwagters dit reggekry om die leeu terug in die wildsreservaat te kry. Veldwagter, Lucky Dube, het gesê dat hulle nie seker is wat die leeu sò ontstel het nie.

Deur Lizelle Ruby



[Verwerk uit *Angry Rhino Wrecks Cars* in Interactive English]

1. Watter hoofopskrif sal die artikel die beste beskryf? .
- A Gevaarlike Leeu Beskadig Wildsreservaat
 - B Gevaarlike Leeu Beskadig Huurmotor
 - C Gevaarlike Leeu Beskadig Skool
 - D Gevaarlike Leeu Beskadig Kamp (1)
2. Wie het die artikel geskryf? .
- A Shaun Adams
 - B Jenny Adams
 - C Lucky Dube
 - D Lizelle Ruby (1)
3. Hoe laat het Shaun die leeu in die kamp gesien hardloop?
- A 07:30
 - B 22:00
 - C 10:00
 - D 19:30 (1)
4. Waar het die voorval plaasgevind?
- A Kaapstadse Wildreservaatkamp
 - B Durbanse Wildreservaatkamp
 - C Golden Wildreservaatkamp
 - D Rustige Wildreservaatkamp (1)
5. Watter voorval word in die artikel beskryf?
- A Jenny Adams en haar gesin eet ontbyt.
 - B 'n Sterk leeu wat ontsnap en 'n huurmotor beskadig.
 - C Diere by die Golden Wildsreservaatkamp
 - D 'n Gesin wat die uitsig by die wildsreservaat geniet. (1)

6. In watter koerant het hierdie artikel verskyn?

_____ (1)
7. Hoe het die gesin na die Wildreservaat gereis?

_____ (1)
8. Hoekom, dink jy, het Jenny en haar gesin hulle ontbyt buite geëet?

_____ (1)
9. Hoekom het Jenny besluit om haar gesin vir 'n vakansie na die Golden Wildreservaatkamp te neem? Gee **twee** redes.

_____ (2)
10. Hoe sou jy gevoel het as jy Shaun was en jou vakansie vroeër moes beëindig?

_____ (1)
11. Wat, dink jy, sou gebeur het as die veldwagters nie die leeu na die wildreservaat kon terugneem nie?

_____ (1)

12. Wie het vir Jenny en haar gesin by die wildreservaat gaan haal?
- _____
- _____ (1)
13. Vind **een** woord in paragraaf 2 wat dieselfde beteken (sinoniem) as mooi.
- _____ (1)
14. Vind **een** woord in paragraaf 1 wat die teenoorgestelde beteken (antoniem) van swak.
- _____ (1)
15. Skryf die onderstaande sin oor en gebruik die korrekte punktuasie.
- waar woon jenny adams
- _____
- _____ (1)
16. Skryf die volgende sin oor in die teenwoordige tyd.
- Die veldwagter het die gesin gehelp om hulle tasse te pak.
- _____
- _____ (1)
17. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.
- Shaun is 'n goeie swemmer.
- _____
- _____ (1)

18. Skryf die volgende sin in die toekomende tyd oor.

Jenny het die wildreservaat besoek.

(1)

19. Skryf die meervoud van die onderstreepte woorde in die onderstaande sinne neer.

19.1 Daar is vier dier in die wildreservaat.

(1)

19.2 Daar is baie tak aan die bome.

(1)

20. Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies neer.

Die leeu is die (sterk) dier in die wildreservaat.

(1)

21. Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte voorsetsel in die oop spasie in te vul.

Jenny sit _____ haar stoel.

(1)

22. Gebruik 'n voorvoegsel in die onderstaande blokkie om die teenoorgestelde betekenis van "bedagsaam" te gee.

Skryf slegs die nuwe woord in die spasie.

ont	on	ver
-----	----	-----

Sara se pa was bedagsaam.

(1)

23. Kies die korrekte werkwoord tussen hakies om die sin te voltooi.
Dit ____ gister 'n baie warm dag. (is/was). (1)
24. Vorm 'n bywoord met die woord tussen hakies.
Die onderwyser het (sag) met die leerlinge gepraat.
_____ (1)
25. Kies die byvoeglike naamwoord in die onderstaande sin.
Lizelle het 'n pragtige artikel geskryf.
A Lizelle
B pragtige
C artikel
D skryf (1)
26. Kies die korrekte besitlike voornaamwoord om die sin te voltooi.
Shaun was ongelukkig, want hy het nie ... vakansie geniet nie.
A hy
B sy
C haar
D hom (1)
27. Kies die korrekte voegwoord om die sin te voltooi.
Die leeu was ontsteld ...hy het verdwaal.
A omdat
B terwyl
C want
D sodat (1)




Lees die onderstaande teks en beantwoord dan vraag 28-33.



Oom Jabu se Kafee

Vrugtejellie-Yslollies

BEDERF JOUSELF! Probeer een vandag ...



MAAK GOU! Slegs 'n beperkte hoeveelheid!

Eerste 50 kinders wat Vrugtejellie-Yslollies koop
kry 'n GRATIS botteltjie vrugtesap.

28. Watter inligting is in die sterretjies?
- A Die naam van die winkel
 - B Die kleur van die yslollies
 - C Die prys en bestanddele
 - D Die gratis botteltjie vrugtesap

(1)

29. Wat word gebruik om die yslollies te maak?
- A Jelliepoeier
 - B Lemoensap
 - C Melkpoeier
 - D Vars vrugte
- (1)
30. Watter tipe inligtingsteks word hier gebruik?
- A 'n Advertensie
 - B 'n Uitnodiging
 - C 'n TV-gids
 - D 'n Resep
- (1)
31. Watter woord in die advertensie sê dat daar slegs 'n paar yslollies beskikbaar is?
- (1)
- A beperkte
 - B sappige
 - C gratis
 - D slegs
- (1)
32. Skryf jou antwoord in 'n volsin neer.
Wat is die naam van die winkel wat die yslollies verkoop?
- _____
- (1)
33. Waarom moet die kinders probeer om onder die eerste vyftig kopers te wees?
- _____
- _____
- (1)

34. Die volgende is 'n **dialog** tussen 'n dokter en 'n pasiënt by 'n kliniek.
Voltooi die dialog deur die pasiënt se woorde neer te skryf.

Antwoorde moet in volsinne wees en gebruik die korrekte taal, spelling en
punksuasie. 'n Sin mag nie minder as **vier tot vyf** woorde wees nie.

Dokter: Goeie môre! Hoe gaan dit moet jou? Wat is die probleem vandag?

Pasiënt: _____

Dokter: Hoe lank voel jy al so?

Pasiënt: _____

Dokter: Het jy enige ander probleme?

Pasiënt: _____

Dokter: Sal jy 'n inspuiting of medisyne verkies?

Pasiënt: _____

Dokter: Het jy 'n brief nodig om vir jou onderwyser te laat weet hoekom jy
vandag afwesig was?

Pasiënt: _____

(5)

35. Kyk na die onderstaande prent en skryf 'n **storie** oor wat jy dink gebeur.

Skryf **twee-drie** paragrawe. (10-12 sinne).

- Gebruik byvoeglike naamwoorde en bywoorde om interessante sinne te skryf.
- Gebruik die korrekte puntuasie en spelling.
- Gebruik die onderstaande vrae om jou storie te beplan.
- Punte sal vir struktuur, inhoud en taal toegeken word.

(10)



Beplanning:

Wat het hier gebeur?

Waar en wanneer het dit gebeur?

Wie was betrokke?

Hoekom het dit gebeur?

Hoe dink jy het hulle gevoel tydens die gebeurtenis?

